
Ek is
Sin

Inleiding

Het jy al ooit deur 'n tydskrif geblaai en gewens dat jy soos een van die interessante, mooi en talentvolle vroue in die artikels is? Jy lees wat hulle dink, hoe hulle oor sake voel, na watter musiek hulle luister, van watter kos hulle hou, watter boeke hulle lees, watter sukses hulle behaal en hoe hulle bo moeilike omstandighede uitstyg. Jy sien wat hulle aantrek, hoe hulle huise versier is en jy verlustig jou in hulle lewenstyl. En onwillekeurig dink jy: Dit is die perfekte prentjie, ek wil soos sý wees.

Hierdie boekie wil jou nooi om deur die Bybel te blaai en die verhale van spesiale vroue daar te ontdek. Regdeur die Bybel speel vroue 'n belangrike rol. Sommige het in verhouding met God gestaan, terwyl ander weer hulle rug op Hom gedraai het. Soms het hulle ook met God geworstel. Hulle was vroue met verskillende dimensies, veelkantig en uniek, vroue met verskillende lewensomstandighede. En God het 'n pad met hulle gestap. In die bladsye van God se wonderlike Woord sal jy ontdek: Dit is ék daardie! Ek is sý! En God stap ook 'n pad met mý!

Kom, ontmoet die vrou in die Bybel.

Sy Staan in Verhouding met God

Hierdie is die belangrikste dimensie van vrouwees. Sy staan in 'n unieke geloofsverhouding met God. Sy het die Here regtig lief en soek sy wil vir haar lewe. Maar soms dwaal sy af.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy het die Here baie lief, Hy staan sentraal in haar lewe

Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

Markus 12:41-44

Sy delf in die Woord

Dit gaan goed met die mens
wat nie die raad van goddeloses
volg nie,
nie met sondaars omgaan
en met ligsinniges saamspan nie,
maar wat in die woord van die Here
sy vreugde vind,
dit dag en nag oordink.
Hy is soos 'n boom
wat by waterstrome geplant is,
wat op die regte tyd vrugte dra
en waarvan die blare nie
verdroog nie.
Hy is voorspoedig in alles
wat hy aanpak.

Psalm 1:1-3

Sy bid met oorgawe

Hanna het ernstig tot die Here gebid oor haar kinderloosheid:

Op 'n keer ná die offermaaltyd in Silo het Hanna opgestaan terwyl die priester Eli op sy stoel langs die deurkosyn van die tempel van die Here gesit het. Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Sy het 'n gelofte afgelê en gesê: "Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou dink en my nie vergeet nie en aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie."

Sy het lank tot die Here gebid, en Eli het stip na haar mond bly kyk. Hanna het in haar gedagte gepraat, net haar lippe het geroer. Eli kon nie haar stem hoor nie, en daarom het hy gedink sy is dronk.

Hy sê toe vir haar: "Hoe lank wil jy dronk bly? Loop word eers nugter!"

Maar Hanna het geantwoord: "Nee, Meneer, ek is maar net 'n vrou wat diep terneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here. Moet tog nie dink ek is 'n slegte vrou nie. Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het."

1 Samuel 1:9-16

Sy sit en leer aan die voete van die Here

Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het. Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy woorde geluister het. Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak.

Sy kom toe daar staan en sê: "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!"

Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."

Lukas 10:38-42

Sy onderwerp haar aan God se wil vir haar lewe

Sy worstel soms met God se wil vir haar lewe, maar sy vind ook berusting en onderwerp haar daaraan omdat sy besef dat Hy die beste weet.

In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. Toe die engel by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou."

Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie."

Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?"

Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. Niks is vir God onmoontlik nie."

Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het."

Toe het die engel van haar af weggegaan.

Lukas 1:26-38

Sy wy haar lewe aan die Here

Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid.

Lukas 2:36-37

Sy dien die Here met blydskap

Mirjam die profetes, suster van Aäron, het 'n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agternageloop en gedans. Mirjam het vir hulle voorgesing:

"Sing tot eer van die Here
omdat Hy hoog verhewe is."

Eksodus 15:20-21a

Sy soek haar krag by Jesus

Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.

Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy klere geraak, want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word. En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was. Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?"

Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?"

Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel. Daarna sê Hy vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!"

Markus 5:25-34

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Sy laat haar bekommernisse aan die Here oor

"Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?

"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

"Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."

Matteus 6:25-34

Sy struikel soms ...

Soms maak sy foute, en dit veroorsaak dat sy wil wegkruip vir God. Wanneer haar fout dan aan die lig kom, probeer sy boonop om die skuld op iemand anders af te skuif. Dit was die geval met Eva:

Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?"

Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons."

Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."

Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere.

Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"

En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip."

Die Here God vra toe: "Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?"

Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet."

Toe vra die Here God vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" en sy sê: "Die slang het my mislei, en ek het geëet."

Genesis 3:1-13

Soms vertrou sy nie op die Here nie en volg haar eie kop ... tot haar groot spyt:

Toe sê Sarai vir Abram: "Die Here het my nou een-maal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan word."

En Abram het saamgestem met sy vrou.

Abram was al tien jaar in Kanaän toe Sarai, die vrou van Abram, self vir Hagar, haar Egiptiese slavin, gevat en vir haar man Abram as vrou gegee het. Hy het by Hagar gaan slaap, en sy het swanger geword. Toe sy agterkom sy is swanger, het sy haar eienares geminag. Toe sê Sarai vir Abram: "Jy dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur. Ek het my slavin vir jou gegee om met haar gemeenskap te hê, en noudat sy agterkom sy is swanger, minag sy my. Mag die Here hierdie saak tussen my en jou uitwys."

Genesis 16:2-5

Sy kom na die Here toe en ervaar sy vergifnis

'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring toe 'n albaste flessie met reukolie en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil, sodat haar trane op sy voete begin drup het. Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie gesalf. Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: "Hy, as hy 'n profeet was, sou tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondares is."

Maar Jesus spreek hom aan en sê: "Simon, Ek het iets om vir jou te sê."

"Meneer, sê dit maar!" antwoord hy.

Jesus sê toe: "Twee mense was in die skuld by 'n geldskieter. Die een het vyf honderd rand geskuld en die ander een vyftig. Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het hy die skuld vir albei kwytgeskel. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?"

Simon antwoord: "Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytgeskel het."

"Jou antwoord is heeltemal reg," sê Jesus, en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir Simon: "Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom - en jy, water vir my voete het jy My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

sy dit afgedroog. 'n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.
My kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf. Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde."
En Jesus sê vir haar: "Jou sondes is vergewe."

Lukas 7:37-48

Sy leef met 'n toekomsverwagting

Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in die huis bly sit. Marta sê toe vir Jesus: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie. Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra."
Jesus sê toe vir haar: "Jou broer sal uit die dood opstaan."
Maar Marta sê vir Hom: "Ek weet hy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan."
Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"
"Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom."

Johannes 11:20-27

Sy Staan in Verhouding met Ander Mense

Sy leef nie in isolasie nie. Sy leef tussen en saam met ander mense. Elkeen van die verhoudings waarin sy staan, is uniek en stel spesifieke eise aan haar.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy is goed vir ander mense

In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help.

Handelinge 9:36

Sy is 'n vrou vir haar man

Sy is een met hom

Jesus het gesê:

"Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Daarby het Hy gesê: 'Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.' Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie."

Matteus 19:4-6

Sy is vir hom mooi

"Jy is mooi, my liefling,
jy is mooi, jou oë is duiwe."

Hooglied 1:15

Sy is baie lief vir hom

"Die man wat ek liefhet, is myne,
en ek syne.
Hy laat sy skape tussen die lelies wei
tot die aandwind begin waai
en die skaduwees lank word.
Kom terug, man wat ek liefhet,
maak soos 'n ribbok,
soos 'n takboklam op die Beterberge.
Op my bed in die nag het ek gesoek
na hom wat ek liefhet;
ek het hom gesoek en hom nie gekry nie.
Ek het opgestaan
en in die stad rondgegaan
op die strate en die pleine,
en hom gesoek wat ek liefhet;

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

ek het hom gesoek en hom nie gekry nie.
Die wagte wat die stad patrolleer,
het my daar gekry.
Ek het gevra:
'Het julle die man wat ek liefhet, gesien?'
Skaars was ek by hulle verby
of ek het hom wat ek liefhet, gekry.
Ek het hom vasgegryp
en hom nie laat los nie,
ek het hom na my ma se huis toe gebring,
na die kamer toe waar ek gebore is."

Hooglied 2:16-3:4

Sy komplimenteer hom

Sy bobene is soos marmerpilare
wat op goue voetstukke rus.
Sy voorkoms is soos dié van die Libanon,
indrukwekkend soos die seders.
Sy mond smaak soet,
alles aan hom is begeerlik.
So lyk die man wat ek liefhet,
so lyk my lewensmaat,
vroue van Jerusalem."

Hooglied 5:15-16

Sy is getrou aan hom

Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.

Hebreërs 13:4

Sy soek liefde by hom

Lea het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en hom Ruben genoem, "want," het sy gesê, "die Here het my smart raakgesien. Nou sal my man my liefhê."

Genesis 29:32

Sy kom haar huweliksplig na

Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man. Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie.

1 Korintiërs 7:3-5

Sy is 'n ma vir haar kinders

Sy weet haar kinders is geskenke

Seuns is geskenke van die Here,
kinders word deur Hom gegee.

Psalm 127:3

Sy is onvoorwaardelik lief vir haar kinders

Op 'n keer het twee prostitute met 'n saak na die koning toe gekom.

"U Majesteit," sê die een vrou, "ek en hierdie vrou woon in dieselfde huis, en sy was by toe ek 'n kind in die wêreld gebring het. Drie dae daarna het sy ook 'n kind gekry. Ons was saam in die huis en daar was niemand anders nie; net ons twee was daar. Een nag is hierdie vrou se seuntjie dood; sy het hom doodgelê. Sy staan toe in die middel van die nag op en vat my seuntjie langs my weg terwyl ek slaap, en lê hom by haar neer, en haar seuntjie wat dood is, lê sy by my neer. Toe ek die môre opstaan om die kind te laat drink, toe is hy dood! Maar toe ek hom later in die môre goed bekyk, is dit nie my baba nie."

Toe sê die ander vrou: "Nee, die een wat lewe, is myne. Dis jou seuntjie wat dood is!"

En die eerste vrou sê: "Dis jou seuntjie wat dood is! Die een wat lewe, is myne!"

So het hulle voor die koning gestaan en stry.

Die koning redeneer toe by homself: die een sê: "Die seuntjie wat lewe, is myne, joune is dood," en die ander sê: "Nee, jou seuntjie is dood; die een wat lewe, is myne."

Toe beveel die koning: "Bring vir my 'n swaard!"

Hulle het die swaard gebring, en die koning het gesê: "Sny die kind wat lewe in twee stukke en gee vir elkeen van hulle 'n helfte!"

Maar die ma van die kind wat lewe, begin toe by die koning smeek, want haar hart het inmekaar gekrimp oor die lot van haar baba, en sy sê: "Asseblief, U Majesteit, gee die seuntjie wat lewe vir haar, moet hom tog net nie doodmaak nie."

Maar die ander vrou sê: "As ek hom nie kry nie, kry jy hom ook nie. Sny hom deur!"

Toe sê die koning: "Moenie die kind doodmaak nie, maar gee hom vir die een dáár, sý is die ma!"

1 Konings 3:16-27

Sy vra vir God om haar te leer hoe om haar kinders groot te maak

Die vrou het toe vir haar man gaan sê: "Daar het 'n man van God by my gekom. Hy het gelyk soos 'n engel van God, 'n man met gesag. Ek het hom nie gevra waarvandaan hy kom nie, en hy het my nie gesê wat sy naam is nie. Hy het vir my gesê: Kyk, jy is swanger en sal 'n seun in die wêreld bring. Jy mag voortaan nie wyn of bier drink nie en ook nie enigiets onreins eet nie, want die kind sal van sy geboorte af tot met sy dood aan God gewy wees."

Toe het Manoag tot die Here gebid: "Here, laat die man van God vir wie U gestuur het, asseblief weer na ons toe kom dat hy ons kan leer wat ons moet doen met die kind wat gebore sal word."

Rigters 13:6-8

Sy leer haar kinders die regte dinge

My seun, jy moet luister
na die onderrig
wat jou vader jou gee;
moenie wat jou moeder jou leer,
verontagsaam nie:

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

dit sal jou lewe versier
soos 'n krans jou kop
en 'n kettinkie jou hals.

Spreuke 1:8-9

Sy is 'n enkelouer

Soms kry sy finansieel swaar en vra hulp. Te midde van hierdie moeilike omstandighede, ervaar sy tog hoe God vir haar sorg.

'n Vrou van 'n profeet het haar nood by Elisa kom kla: "My man is dood. U weet self dat hy die Here gedien het. Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak."

Elisa het vir haar gesê: "Ek sal jou help. Sê vir my: wat het jy in jou huis?"

Sy het geantwoord: "Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie."

Hy het toe gesê: "Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie. Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol word, moet jy hom wegpak."

Sy is van hom af weg. Sy het die deur agter haar en haar seuns toegemaak. Soos hulle die kruike na haar toe aangedra het, het sy hulle volgemaak. Toe die kruike vol was, sê sy vir een van haar seuns: "Bring vir my nog 'n kruik."

Maar hy het gesê: "Daar is nie meer 'n kruik oor nie."

Toe het daar nie meer olie uit die kannetjie gekom nie. Sy het by die man van God aangekom en dit vir hom vertel. Hy het gesê: "Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oorbly."

2 Konings 4:1-7

Sy is 'n skoondogter

In die Bybel lees ons van Rut wat in die land Moab gewoon het. Toe Naomi, Rut se skoonma, ná die dood van haar man en seuns besluit het om na Betlehem in Juda terug te gaan, wou Rut haar nie alleen laat gaan nie. Rut het vir haar gesê:

"Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei."

Rut 1:16-17

Rut het haar skoonma soos haar eie familie behandel, en ander mense het raakgesien hoe 'n lojale skoondogter sy was:

Rut het diep gebuig voor Boas en gevra: "Waarom is u so goed vir my en stel u belang in my, in 'n buitelander?"

Boas antwoord haar toe: "Ek weet van alles wat jy vir jou skoonma gedoen het na die dood van haar man en dat jy jou ouers en jou geboorteland verlaat het en na 'n volk toe gekom het waarvan jy vantevore niks geweet het nie. Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het. Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het."

Rut 2:10-12

Sy is 'n skoonma

Sy is onselfsugtig

Ná die dood van haar man en seuns het Naomi vir haar skoondogters gesê dat sy besluit het om die land Moab te verlaat en na haar tuisdorp, Betlehem in Juda, terug te gaan.

Toe sê Naomi vir haar twee skoondogters: "Julle moet liewer teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here sy liefde aan julle bewys, soos julle aan die oorledenes en aan my liefde bewys het. Mag die Here vir julle elkeen weer 'n goeie man en 'n heenkome gee."

Rut 1:8-9a

Sy is 'n vriendin

Sy bid vir haar vriende

Net soos Jesus vir sy vriende gebid het, bid die gelowige vrou ook vir haar vriende:

"Simon, Simon!" het Jesus gesê. "Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie."

Lukas 22:31-32a

Sy deel haar lief en leed met haar vriende

"Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: 'Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.' "

Lukas 15:8-9

Sy gee goeie raad

Naäman, die hoof van die leër van die koning van Aram, was 'n gesiene man wat die agting van die koning geniet het. Deur hom het die Here 'n oorwinning aan Aram besorg. Die man was 'n dapper soldaat, maar hy het melaats geword.

Op een van hulle strooptogte het die Arameërs 'n jong dogtertjie uit Israel ontvoer wat Naäman se vrou se bediende geword het. Sy het vir die vrou gesê: "Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak."

Naäman het by die koning gekom en hom meegedeel wat die dogtertjie uit Israel gesê het.

"Gaan gerus," het die koning van Aram gesê, "ek stuur

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

jou met 'n brief na die koning van Israel toe."

Hy het toe afgegaan na die Jordaan toe en hom sewe keer daarin gebad, soos die man van God gesê het, en sy vel het gesond geword soos dié van 'n klein seuntjie en hy was weer rein.

Hy en sy hele gevolg het teruggegaan na die man van God toe. Daar aangekom, het Naäman voor die man van God gaan staan en gesê: "Ek weet nou, daar is geen God op die hele aarde nie behalwe in Israel. Aanvaar asseblief hierdie geskenk van my."

2 Konings 5:1-5a,14-15

Sy is 'n weduwee

Dit is vir haar swaar om alleen te wees

Naomi se lewe het leeg gevoel ná die dood van haar man en seuns:

Hierop het Naomi vir hulle gesê: "Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak.
My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring."

Rut 1:20-21

Sy is belangrik vir die Here

Dit is vir die Here belangrik dat gelowiges weduwees moet versorg:

Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.

Jakobus 1:27

Sy is geskei

Alhoewel verskillende dinge mense van mekaar kan skei, is daar niks wat ons van God se liefde kan skei nie:

Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Wie kan ons van die liefde van Christus skei?

Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Romeine 8:33-35a,38-39

Sy is die ander vrou

Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. Hulle het vir Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u?"

Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi."

Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: "Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?"

"Niemand nie, Here," sê sy.

Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."

Johannes 8:3-11

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Sy Staan in Verhouding met Haarself

Sy leef elke dag met haarself op geestelike en fisiese vlak saam. Sy besef dat God in haar totale menswees belangstel.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy besef sy is as beeld van God geskep

God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

Genesis 1:27

Sy pas haar liggaam op

Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

1 Korintiërs 6:19-20

Sy respekteer haarself en is nie 'n vertoonstuk nie

Op die sewende dag, toe die koning baie vrolik was van die wyn, het hy sewe paleisbeamptes geroep: Mehuman, Bisseta, Garbona, Bigta, Abagta, Setar en Karkas. Hy het hulle beveel om koningin Vasti, met haar kroon op, na hom toe te laat kom sodat hy vir al die mense, al die hoë amptenare, kon wys hoe mooi sy is. Sy was 'n baie mooi vrou.

Koningin Vasti het egter geweier om te kom soos die koning haar deur sy paleisbeamptes beveel het.

Ester 1:10-12a

Sy weet haar innerlike is belangriker as haar voorkoms

Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde. In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig.

1 Petrus 3:3-5

Sy weet die Here het 'n spesiale doel met haar as enkellopende

Ook die ongetroude vrou en die jongmeisie gee aandag aan die dinge van die Here, om na liggaam en gees aan Hom toegewy te wees. Maar die getroude vrou gee ook aandag aan die dinge van die wêreld, aan hoe sy haar man kan behaag.

1 Korintiërs 7:34b

Sy weet die Here het 'n spesiale doel met haar as ouer vrou

Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat 'n heilige lewe lei. Hulle moenie kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie. Hulle moet goeie raad kan gee, sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie.

Titus 2:3-5

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Sy Het Gevoelens

Haar emosies is onlosmaaklik deel van haar vrouwees. Sy beleef die vreugde van die lewe intens. Sy ervaar egter soms ook negatiewe emosies soos hartseer, neerslagtigheid of minderwaardigheid.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy ervaar emosies intens

En Hanna het gebid:
"Ek jubel in die Here,
ek is sterk in die Here.
Ek lag my vyande uit,
ek is bly oor die uitkoms
wat U gegee het."

1 Samuel 2:1

Sy voel hartseer en neerslagtig

Só 'n vrou in die Bybel was die kinderlose Hanna:

Dan het die ander vrou haar baie gespot en verneder omdat die Here haar kinderloos laat bly het. So het dit jaar vir jaar gegaan: elke keer as Hanna in die huis van die Here gaan offer het, het Peninna haar gespot, sodat sy gehuil het en nie wou eet nie.

Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil.

1 Samuel 1:6-7,10

Sy voel bitter oor wat met haar gebeur

Hierop het Naomi vir hulle gesê: "Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak. My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring."

Rut 1:20-21

Sy besef sy hoef nie minderwaardig te voel nie

U het my gevorm,
my aanmekaargeweef
in die skoot van my moeder.
Ek wil U loof,
want U het my
op 'n wonderbaarlike wyse geskep.
Wat U gedoen het,
vervul my met verwondering.
Dit weet ek seker:
geen been van my was vir U verborge
toe ek gevorm is
waar niemand dit kon sien nie,
toe ek aanmekaargeweef is
diep in die moederskoot.
U het my al gesien
toe ek nog ongebore was,
al my lewensdae was in u boek
opgeskrywe
nog voordat ek gebore is.
Hoe wonderlik is u gedagtes vir my,
o God,
hoe magtig hulle almal!

Psalm 139:13-17

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Sy is ’n Werkende Vrou

Sy is ’n vrou wat baie verantwoordelikhede dra. Sy moet sorg dat die huishouding glad verloop, dat haar man en kinders gelukkig en versorg is, en dan wil sy ook nog baie graag aan haar loopbaan bou.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy erken dat werk ’n voorreg is

Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit ’n gawe uit die hand van God is. Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie?

Prediker 2:24-25

Sy dien die Here by die werk ten spyte van druk

Die Egiptiese koning het vir die Hebreeuse vroedvroue Sifra en Pua gesê: “As julle ’n Hebreeuse vrou by geboorte bystaan en julle sien by die kraambed dat dit ’n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit ’n dogter is, mag sy bly lewe.”

Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle het die seuntjies laat lewe.

Eksodus 1:15-17

Sy probeer haar tyd reg gebruik

Elke ding het sy vaste tyd,
elke ding in hierdie wêreld
het sy tyd.

Prediker 3:1

Sy is ’n gelowige sakevrou

Op die sabbatdag is ons na die rivier toe buitekant die stadspoort, omdat ons gedink het daar sou ’n Joodse bidplek wees. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaar was. Een van dié wat geluister het, was ’n vrou met die naam Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het. Sy het handel gedrywe met pers wolmateriaal en was van Tiatira afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak. Sy en haar huisgesin is toe gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi en gesê: “Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan by my tuis.”

En sy het ons oorreed om dit te doen.

Handelinge 16:13-15

Sy is knap in wat sy doen

’n Knap vrou is baie werd,
baie meer as edelstene.
Haar man steun op haar
en pluk die vrugte van haar werk.
Sy bring vir hom net voordeel,
nie nadeel nie,
haar hele lewe lank.
Sy maak wol en vlas bymekaar
en geniet dit om dit te verwerk.
Sy is soos die handelskepe,
sy bring die kos van ver af in.
Sy staan op as dit nog nag is
en maak kos vir haar huisgesin;
ook haar slavinne kry hulle deel.
Sy oorweeg die waarde
van ’n stuk grond en koop dit,
sy sit dit onder wingerd
met geld wat sy self verdien het.
Sy pak die werk aan met krag,
haar hande staan vir niks verkeerd nie.
Sy stel vas of die wins goed is,
haar lamp bly heelnag brand.
Sy werk met die spinwiel,
haar hande bly besig met die weefstoel.
Sy het ’n oop hand vir die armes,
sy is vrygewig teenoor die behoeftiges.
Sy is gerus oor haar huisgesin
as dit sneeu:
hulle dra almal warm klere.
Sy maak self vir haar dekens
en sy dra klere van linne en wol.
Haar man is welbekend
by die stadspoort
waar hy saam met die leiers beraadslaag.
Sy maak klere en verkoop dit,
sy lewer gordels aan die handelaars.
Alles aan haar spreek van ’n sterk
en edel persoonlikheid;
sy ken geen kommer oor die toekoms nie.
As sy praat, is dit met wysheid;
as sy leiding gee, is dit met liefde.
Sy hou goeie toesig
oor haar huishouding;
lui is sy nie.
Haar kinders prys haar,
haar man bewonder haar:
“Daar is baie knap vrouens,
maar jy oortref hulle almal!”
Uiterlike skoonheid hou nie,
’n mooi voorkoms is nie alles nie;
as sy die Here dien,
dán verdien ’n vrou om geprys te word.
Gee haar wat haar toekom
vir alles wat sy doen;
laat haar werk haar roem wees
in die stadspoorte.

Spreuke 31:10-31

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Sy Maak ’n Verskil

Sy is ’n vrou wat ’n bydrae by die huis en in die samelewing wil lewer. Sy is nie bang om te waag nie – sy maak vroue se stemme hoorbaar in die samelewing om sodoende die wêreld ’n beter plek te maak. Sy het God se roeping vir haar lewe ontdek en leef dit van harte uit.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy is ’n vredemaker

Geseënd is die vredemakers,
want hulle sal kinders van God
genoem word.

Matteus 5:9

Sy staan op vir dit wat reg is

Die dogters van Selofgad het na Moses toe gekom. Hulle het aan die Manassestam behoort. Selofgad was ’n seun van Gefer, seun van Gilead, seun van Makir, seun van Manasse, seun van Josef. Die dogters was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

Hulle het voor Moses en die priester Eleasar en voor die leiers en die hele gemeente by die ingang van die tent van ontmoeting gaan staan en gesê: “Ons pa is in die woestyn dood. Hy was nie een van Korag se bende wat teen die Here saamgesweer het nie. Hy het deur sy eie sondes gesterf en geen seuns gehad nie. Waarom moet ons pa se naam uit sy familie verdwyn net omdat hy nie ’n seun gehad het nie? Gee vir ons grond tussen dié van sy familie.”

Moses het hulle saak voor die Here gebring, en die Here het vir hom gesê: “Selofgad se dogters het gelyk. Jy moet beslis vir hulle hulle eie grond tussen dié van hulle pa se familie gee. Gee vir hulle die grond wat hulle pa sou gekry het.”

Numeri 27:1-7

Sy doen die regte ding op die regte tyd

Koningin Ester is deur Mordegai, wat haar voog was, versoek om namens haar volk die koning om genade te smeek. Mordegai het van ’n sameswering om die Jode in die Persiese Ryk uit te wis, te hore gekom. Alhoewel Ester aanvanklik gehuiwer het, het sy tog ingestem om die regte ding te doen. Ester het vir Mordegai laat weet:

“Al die amptenare van die koning en die mense in die provinsies van die koning weet dat daar net een wet is vir enigeen, man of vrou, wat na die koning toe in die binneste voorhof gaan as hy nie ontbied is nie: hy word sonder meer doodgemaak. Die enigste uitsondering is dat die koning sy goue septer na so ’n persoon toe uitsteek; dan bly hy lewe. En dit is nou al dertig dae dat ek nie na die koning toe ontbied is nie.”

Die boodskap van Ester is aan Mordegai oorgedra, en hy het haar geantwoord: “Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die koning se paleis is nie. As jy nóú swyg en daar kom van ’n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ’n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!”

Ester het toe vir Mordegai laat weet: “Gaan maak al die Jode wat in Susan is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet en drink nie. Ek en my kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom.”

Ester 4:11-16

Sy beywer haar vir eensgesindheid

Ek vermaan vir Euodia en ek vermaan vir Sintige om eensgesind te wees in die Here. Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker, wees hierdie vroue behulpsaam. Hulle het saam met my die stryd gevoer in diens van die evangelie, net soos Klemens ook en my ander medewerkers, wie se name in die boek van die lewe staan.

Filippense 4:2-3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Sy is ’n Geestelike Leier

Sy is bereid om geestelik leiding te neem wanneer dit van haar verwag word. Sy is nie noodwendig ’n predikant nie, maar sy hoor as God haar roep om te getuig, om diegene wat in geestelike nood verkeer, te help, en om mense na Hom terug te lei. Sy luister na God en sy doen haar deel in die gemeente.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy is bereid om na vore te tree wanneer die Here haar roep

Weens hulle ongehoorsaamheid het die Here die Israeliete in die mag van koning Jabin van Kanaän oorgegee:

Daarom het hulle tot die Here geroep om hulp. In daardie tyd was Debora, die vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was ’n profetes. Sy het altyd onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en Bet-El gesit, en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle geskille kon bylê. Sy het vir Barak seun van Abinoam uit Kedes in Naftali laat roep en vir hom gesê: “Die Here die God van Israel beveel jou: Trek met tien duisend man uit Naftali en Sebulon op na Taborberg toe. Ek sal vir Sisera, die hoof van Jabin se leër, met sy strydwaens en sy leër na jou toe laat optrek tot by Kisonspruit en Ek sal hulle in jou mag oorgee.”

Barak het haar geantwoord: “As u saamgaan, sal ek optrek, maar as u nie saamgaan nie, gaan ek nie.”

Sy het vir hom gesê: “Goed, ek sal saamgaan, maar jy sal nie die eer vir die veldtog kry nie: die Here sal vir Sisera aan ’n vrou uitlewer.”

Rigters 4:3b-9a

Sy is ’n vrou met karakter

Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar.

1 Timoteus 3:11

Sy leef haar gawes uit

Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

Romeine 12:4-8

Sy is ’n leier wat dien

Jesus roep hulle toe nader en sê: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Matteus 20:25-28

Sy gee met liefde leiding

As sy praat, is dit met wysheid;
as sy leiding gee, is dit met liefde.

Spreuke 31:26

Sy help diegene wat die pad byster geraak het, reg

My broers, as een van julle van die waarheid af-dwaal en iemand sou hom terugbring, weet dan dat hy wat ’n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat ’n menigte sondes vergewe word.

Jakobus 5:19-20

Sy vertel almal dat Jesus die opgestane Here is

Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid. Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.”

Matteus 28:9-10

Sy volg die Here end-uit

Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.”

Daar het ook vroue op ’n afstand gestaan en kyk. Onder hulle was Maria Magdalena en Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses, en Salome. Toe Jesus nog in Galilea was, het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom versorg. Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem toe gekom het, was ook daar.

Markus 15:39-41

Sy laat ’n geestelike erfenis na

Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met ’n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

en nag in my gebede aan jou dink. Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees. Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.

2 Timoteus 1:3-5

Sy Kry Soms Swaar

Sy beleef dat alles in die lewe nie altyd glad verloop nie. Sy kry soms baie seer as ander mense op haar trap, haar misbruik, of as dinge eenvoudig net nie uitwerk soos sy gehoop het nie. Soms sukkel sy om haarself los te maak van dinge in haar verlede, maar ander kere kry sy dit tog reg om met God oor haar swaarkry te praat en haar pyn te konfronteer. Dan ontdek sy dat sy nuut kan begin ten spyte van haar verlede.

En jy ontdek: Ek is sy!

Sy ly aan 'n ongeneeslike siekte

Só baie vroue vandag is in die stryd teen siektes soos MIV/VIGS en kanker gewikkel.

Sy gaan met haar pyn na die Here toe

Op 'n keer het 'n groot skare rondom Jesus saamgedrom.

Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.

Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy klere geraak, want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word. En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was. Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?"

Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?"

Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel. Daarna sê Hy vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!"

Markus 5:25-34

Sy moet versorg word

Toe Jesus die mense oor die laaste oordeel geleer het, het Hy vir hulle gesê:

"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.' "

Matteus 25:34-40

Sy voel desperaat oor haar kinderloosheid

Toe Ragel merk dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld bring nie, het sy jaloers geword op haar suster. Ragel het vir Jakob gesê: "Gee vir my seuns, anders sterf ek."

Genesis 30:1

Sy kry swaar omdat haar kind die verkeerde keuses maak

Toe Esau veertig was, het hy getrou met Jehudit dogter van Beëri, 'n Hetiet, en met Basemat dogter van Elon, 'n Hetiet. Hulle het baie kommer in Isak en Rebekka se lewe gebring.

Genesis 26:34-35

Rebekka het vir Isak gesê: "Ek is nou siek en sat van hierdie Hetitiese vrouens van Esau. As Jakob ook met Hetitiese meisies trou, met meisies soos hulle uit hierdie land, kan ek net sowel sterf."

Genesis 27:46

Sy worstel met haar ongelukkige verlede

Daar is 'n groot stuk persoonlike seer in haar verlede, hetsy as gevolg van haar eie keuse of deur iemand anders se toedoen. Sy besef dat die enigste bevryding vir haar worsteling by die Here te vinde is, maar sy voel te skuldig om met Hom daaroor te praat. Maar dan ontdek sy dat daar in sy liefde onvoorwaardelike vergifnis en die blink hoop vir 'n nuwe toekoms te vinde is.

'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring toe 'n albaste flessie met reukolie en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil, sodat haar trane op sy voete begin drup het. Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie gesalf.

Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: "Hy, as hy 'n profeet was, sou tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondares is."

Maar Jesus spreek hom aan en sê: "Simon, Ek het iets om vir jou te sê."

"Meneer, sê dit maar!" antwoord hy.

Jesus sê toe: "Twee mense was in die skuld by 'n geldskieter. Die een het vyf honderd rand geskuld en die ander een vyftig. Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het hy die skuld vir albei kwytgeskel. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?"

Simon antwoord: "Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytgeskel het."

"Jou antwoord is heeltemal reg," sê Jesus, en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir Simon: "Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom - en jy, water vir my voete het jy My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het sy dit afgedroog. 'n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. My kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf. Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde."

En Jesus sê vir haar: "Jou sondes is vergewe."

Toe begin dié wat saam aan tafel was, onder mekaar sê: "Wie is hierdie man dat hy selfs sondes vergewe?"

Maar Jesus sê vir die vrou: "Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede."

Lukas 7:37-50

Sy is verkrag

Sy hoef nie daaroor skuldig te voel nie.
Hý was verkeerd.

Maar as 'n man 'n verloofde meisie in die veld raakloop en haar oorweldig en met haar gemeenskap het, moet net die man sterf. Die meisie moet ongestraf bly. Sy het niks gedoen wat die dood verdien nie, want in haar geval is dit soos wanneer 'n man iemand gryp en vermoor. Die verloofde meisie is in die veld raakgeloop, en sy het om hulp geroep, maar daar was niemand om haar te help nie.

Deuteronomium 22:25-27

Sy rou omdat haar "nee" nie ernstig opgeneem is nie

Amnon het vir Tamar gesê:

"Bring jy die kos hier na die kamer toe sodat ek dit uit jou hand kan eet."

Tamar het die broodjies wat sy gereed gemaak het, na haar broer in die kamer gebring. Net toe sy naby hom kom om hom te laat eet, gryp hy haar vas en sê vir haar: "My suster, kom lê hier by my."

"Nee, my broer," sê sy vir hom, "moet my nie onteer nie, want so iets word nie in Israel gedoen nie. Moet nou nie 'n dwaas ding doen nie. Hoe sal ek my skande kan wegsteek? En jý sal in die oë van Israel 'n dwaas wees. Praat liewer met die koning, want hy sal ons toelaat om te trou."

Amnon wou nie na haar luister nie. Hy het haar gepak en verkrag. Maar daarna het hy haar verag; hy het 'n groot afsku in haar gekry, en sy afsku was baie groter as sy verliefdheid.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Hy het toe vir haar gesê: "Loop!"
Maar sy sê vir hom: "Moenie die skande wat jy my aangedoen het, vererger deur my weg te jaag nie."
Hy wou nie na haar luister nie en beveel toe sy slaaf wat hom bedien: "Smyt hierdie vroumens uit en sluit die deur agter haar!"
Volgens die gebruik van koningsdogters wat nog maagde was, het sy 'n lang mantel met moue aangehad. Nadat die slaaf haar uitgesit en die deur gesluit het, het Tamar stof op haar kop gegooi. Sy het haar lang mantel geskeur, haar hand op haar kop gesit en sover sy loop, het sy geskreeu.
Haar broer Absalom het toe vir haar gesê: "Was jou broer Amnon by jou? Toe maar, my suster, bly nou maar stil. Hy is jou broer. Moet jou nie hieroor verknies nie."
Tamar het toe in haar broer Absalom se huis gaan bly en sy was 'n wrak.

2 Samuel 13:10-20

Sy is die slagoffer van geweld

'n Leviet en sy byvrou was op 'n keer op reis en moes in 'n vreemde stad oornag. Een van die plaaslike inwoners het aangebied om hulle te huisves. Terwyl hulle daardie aand besig was om te eet en te drink, het daar 'n vreeslike ding gebeur:

Net toe hulle begin vrolik raak, omsingel 'n klomp straatboewe van die stad die huis en hulle slaan op die deur. Hulle sê toe vir die ou man aan wie die huis behoort: "Bring uit die man wat in jou huis gekom het. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê."
Die man aan wie die huis behoort, is na hulle toe uit en hy sê vir hulle: "Nee, vriende, moenie hierdie man kwaad aandoen nadat hy in my huis ingekom het nie. Julle moet hom nie so 'n lae ding aandoen nie. Hier is my dogter, sy is nog 'n maagd, en die man se byvrou. Ek sal hulle uitbring, verkrag hulle. Doen met hulle wat julle wil, maar moenie hierdie lae ding aan die man doen nie."
Maar die mans wou nie na hom luister nie. Toe gryp die Leviet sy byvrou en stoot haar buitentoe na hulle toe. Hulle het met haar geslagsgemeenskap gehad en haar die hele nag deur tot die môre toe verrinneweer. Toe die rooidag breek, het hulle haar gelos. Teen die môre se kant het sy by die huis gekom en voor die deur van die huis waarin haar man was, neergeval en bly lê tot sonop. Toe haar man die môre opstaan en die huis se deur oopmaak om verder te reis, lê die vrou, sy byvrou, in die deur met haar hande op die drumpel. Hy sê toe vir haar: "Staan op dat ons kan vertrek," maar sy het nie geroer nie. Hy tel haar toe op 'n donkie en maak klaar en vertrek na sy plek toe.

Rigters 19:22-28

Sy praat met God oor haar swaarkry

Isak het tot die Here gebid oor sy vrou, want sy was kinderloos. Die Here het sy gebed verhoor, en sy vrou Rebekka het swanger geword. Die kinders het in haar teen mekaar gestamp, en toe sê sy: "Waarom gebeur so iets met my?"
Sy het toe die Here gaan raadpleeg, en Hy het vir haar gesê:
"Daar is twee nasies in jou,
twee volke uit jou
sal van mekaar geskei word.
Een sal sterker wees as die ander,
die oudste sal die jongste dien."

Genesis 25:21-23

Sy weet sy kan nuut begin ten spyte van haar verlede

Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie.

Hebreërs 11:31

Sy weet dat dit ook weer goed sal gaan

Verander tog ook nou ons lot, Here,
soos U droë spruite in die Suidland
in waterstrome verander.
Wie met trane saai,
sal die oes met gejuig inbring.
Al loop hy en huil
terwyl hy die saaisak dra,
hy kom juigend terug
terwyl hy sy gerwe dra.

Psalm 126:4-6

Slot

Die Skrifgedeeltes in hierdie boekie lig verskillende dimensies van vrouwees uit. Ons hoop dit het jou gehelp om die werklikheid waarin vroue vandag leef, beter te verstaan. Soms is daardie werklikheid negatief, en die Bybel probeer dit nie verdoesel nie, maar in die Skrif kan jy hoop vind vir die situasie waarin jy jou bevind. Jy kan koers kry as jy verdwaal het, en opgetel en vertroos word. In die proses kan jy boonop vind dat die Skrif jou uitdaag. Ons hoop dat die Skrifgedeeltes in hierdie boekie met jou in jóú situasie gepraat het.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006

Prominente Vroue in die Bybel

In hierdie boekie het jy die volgende prominente vroue in die Bybel ontmoet.

Lees meer omtrent hulle lewens in die onderstaande Skrifgedeeltes.

Vroue in die Ou Testament

Eva . . . . . (Genesis 2:21-3:24)
Sarai . . . . . .(Genesis 16:1-9)
Rebekka . . . . . (Genesis 24:1-67; 27:1-45)
Ragel en Lea . . . . . .(Genesis 29:1-30)
Die vroedvroue Sifra en Pua . . . . . (Eksodus 1:15-21)
Mirjam . . . . . (Eksodus 15:20-21)
Die dogters van Selofgad . . . . . (Numeri 27:1-7)
Ragab . . . . . (Josua 2:1-21; 6:15-25)
Debora . . . . . (Rigters 4:1-5:31)
Manoag se vrou . . . . . (Rigters 13:2-25)
Die Leviet se byvrou . . . . . (Rigters 19:1-30)
Naomi en Rut . . . . . (Rut 1-4)
Hanna . . . . . (1 Samuel 1:1-2:10)
Tamar . . . . . .(2 Samuel 13:1-22)
Die diensmeisie van Naäman se vrou . . . . . (2 Konings 5:1-18)
Koningin Vasti . . . . . (Ester 1:1-22)
Koningin Ester . . . . . (Ester 2:1-9:32)
Die knap vrou in Spreuke . . . . . (Spreuke 31:10-31)

Vroue in die Nuwe Testament

Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het . . . . . (Markus 5:25-34)
Die arm weduwee . . . . . (Markus 12:41-44)
Die vroue wat vir Jesus gevolg het . . . . . (Markus 15:39-41)
Maria, die moeder van Jesus . . . . . (Lukas 1:26-56)
Anna, die profetes . . . . . (Lukas 2:36-38)
Die vrou met die albaste flessie . . . . . (Lukas 7:36-50)
Marta en Maria . . . . . (Lukas 10:38-42; Johannes 11:20-27)
Die vrou wat op owerspel betrap is . . . . . (Johannes 7:53-8:11)
Tabita . . . . . (Handelinge 9:36-42)
Lidia . . . . . (Handelinge 16:13-15)
Timoteus se ouma, Loïs, en sy ma, Eunice . . . . . (2 Timoteus 1:3-5)

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2006